REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**

**Overseas 30c Oorsee**

**POST FREE—POSVRY**

VOL. 119] CAPE TOWN, 28 MAY 1975 KAAPSTAD, 28 MEI 1975 [No. 4723

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1060. 28 May 1975.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 45 of 1975: Occupational Diseases in Mines and Works Amendment Act, 1975.

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1060. 28 Mei 1975.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 45 van 1975: Wysigingswet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1975.

# ACT

**To provide for the increase of benefits and special awards payable in terms of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973; to amend that Act, so as to effect an alteration to the definition of "compensatable disease"; to make new provision for the investment of moneys in the Research Account; to further regulate the disposal of unpaid benefits at the death of certain beneficiaries; and to further regulate the awarding of benefits to certain beneficiaries, and the cessation of pensions awarded to certain dependants; and to provide for incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 22 *May* 1975.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Increase of benefits and special awards.

**1.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), a benefit as defined in section 1, and a special award referred to in section 101 or 115, of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act No. 78 of 1973) (hereinafter referred to as the principal Act), which are payable in terms of the principal Act, whether they became or become payable before or after the commencement of this section, shall be increased—

(*a*) in the case of any such benefit, by ten per cent;

(*b*) in the case of a special award referred to in section 101 of the principal Act, by an amount which the commissioner may in his discretion determine, but not exceeding ten per cent of any such special award payable immediately prior to the commencement of this section; and

(*c*) in the case of a special award referred to in section 115 of the principal Act, by an amount which the Bantu affairs authority may in its discretion determine, but not exceeding ten per cent of any such special award payable immediately prior to the commencement of this section:

Provided that any pension or any such special award so increased shall be calculated to the next complete rand.

(2) The provisions of this section shall not apply with reference to any one-sum benefit, as defined in section 1 of the principal Act, to which a person became entitled before the commencement of this section.

Amendment of section 1 of Act 78 of 1973, as amended by section 1 of Act 27 of 1974.

**2.** Section 1 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*f*) of the definition of "compensatable disease" of the following paragraph:

"(*f*) any other disease which the Minister, acting on the advice of a committee consisting of the director and not fewer than three other medical practitioners designated by the Minister, has, subject to the provisions of subsection (2), by notice in the *Gazette* de-

WYSIGINGSWET OP BEDRYFSIEKTES IN MYNE EN BEDRYWE, 1975. **Wet No. 45, 1975**

# WET

**Om voorsiening te maak vir die verhoging van voordele en spesiale toekennings betaalbaar ingevolge die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973; tot wysiging van daardie Wet, ten einde 'n verandering in die omskrywing van „vergoedbare siekte" aan te bring; nuwe voorsiening te maak vir die belegging van gelde in die Navorsingsrekening; die beskikking oor onuitbetaalde voordele by die dood van sekere bevoordeeldes verder te reël; en die toekenning van voordele aan sekere bevoordeeldes, en die staking van pensioene aan sekere afhanklikes toegeken, verder te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 22 *Mei* 1975.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Verhoging van voordele en spesiale toekennings.

**1.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word 'n voordeel soos omskryf in artikel 1, en 'n spesiale toekenning bedoel in artikel 101 of 115, van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet No. 78 van 1973) (hieronder die Hoofwet genoem), wat ingevolge die Hoofwet betaalbaar is, hetsy dit voor of na die inwerkingtreding van hierdie artikel betaalbaar geword het of word, verhoog—

(*a*) in die geval van so 'n voordeel, met tien persent;
(*b*) in die geval van 'n spesiale toekenning bedoel in artikel 101 van die Hoofwet, met 'n bedrag wat die kommissaris na goeddunke kan bepaal, maar wat nie tien persent van so 'n spesiale toekenning wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel betaalbaar was, oorskry nie; en
(*c*) in die geval van 'n spesiale toekenning bedoel in artikel 115 van die Hoofwet, met 'n bedrag wat die Bantoesake-owerheid na goeddunke kan bepaal, maar wat nie tien persent van so 'n spesiale toekenning wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel betaalbaar was, oorskry nie:

Met dien verstande dat 'n pensioen of so 'n spesiale toekenning wat aldus verhoog is, tot die volgende volle rand bereken word.

(2) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie met betrekking tot 'n enkelbedragvoordeel, soos omskryf in artikel 1 van die Hoofwet, waarop iemand voor die inwerkingtreding van hierdie artikel geregtig geword het.

Wysiging van artikel 1 van Wet 78 van 1973, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 27 van 1974.

**2.** Artikel 1 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*f*) van die omskrywing van „vergoedbare siekte" deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*f*) enige ander siekte wat die Minister, handelende op advies van 'n komitee bestaande uit die direkteur en minstens drie ander geneeshere deur die Minister aangewys, behoudens die bepalings van subartikel (2) by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n vergoedbare

clared to be a compensatable disease and which, in the opinion of the certification committee, is attributable to the performance of risk work at a mine or works;".

Amendment of section 75 of Act 78 of 1973.

**3.** Section 75 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The commissioner shall invest with the Public Debt Commissioners any moneys in the State Account which are available for investment."; and

(*b*) by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (2) of the following paragraph:

"(*a*) invest any moneys in the Mines Account, the Works Account or the Research Account which are available for investment, in Government stock, Treasury bills, any stock guaranteed by the Government or any stock of a municipal or divisional council or public utility company, or with any commercial bank, building society or other financial institution approved by the Minister in consultation with the Minister of Finance;".

Substitution of section 81 of Act 78 of 1973.

**4.** The following section is hereby substituted for section 81 of the principal Act:

"Unpaid benefits at death of White beneficiary.

**81.** (1) If a person who became entitled to a one-sum benefit under section 79 or 80 and to whom such benefit was not paid in full, has died, the commissioner may in his discretion award to his widow or to his dependent children, if any, a benefit which shall be equal to not more than the unpaid balance of such one-sum benefit.

(2) If a benefit equal to such unpaid balance has not been awarded in terms of subsection (1), or if any portion of such unpaid balance has not been so awarded, the commissioner may, in his discretion and after consultation with the advisory committee, award a benefit equal to such unpaid balance, or such portion thereof, as the case may be, to any person or persons for whose maintenance the deceased, in the opinion of the commissioner, was responsible before his death, and where there is no such person, the commissioner shall pay such benefit to the estate of the deceased.".

Amendment of section 82 of Act 78 of 1973, as amended by section 7 of Act 27 of 1974.

**5.** Section 82 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subparagraph (ii) of subsection (1) (*a*) of the following subparagraph:

"(ii) in respect of each dependent child, a benefit determined by the commissioner after consultation with the advisory committee: Provided that the benefits so determined in respect of all such children shall in the aggregate equal the amount to which the deceased would have been entitled had he not died; or";

(*b*) by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) in the case of a finding of tuberculosis only in respect of which he did not receive a benefit but would have been entitled to a benefit had he not died, to his widow or to his dependent children a one-sum benefit of five thousand rand."; and

siekte verklaar het en wat volgens die sertifiseringskomitee se oordeel te wyte is aan die verrigting van risikowerk by 'n myn of bedryf;".

**Wysiging van artikel 75 van Wet 78 van 1973.**

**3.** Artikel 75 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die Kommissaris moet gelde in die Staatsrekening wat vir belegging beskikbaar is, by die Openbare Skuldkommissarisse belê."; en

(*b*) deur paragraaf (*a*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) gelde in die Mynerekening, die Bedrywerekening of die Navorsingsrekening wat vir belegging beskikbaar is, belê in Staatseffekte, skatkisbewyse, effekte wat deur die Regering gewaarborg word of effekte van 'n munisipale of afdelingsraad of openbare nutsmaatskappy, of by 'n handelsbank, bougenootskap of ander finansiële instelling wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies goedgekeur het;".

**Vervanging van artikel 81 van Wet 78 van 1973.**

**4.** Artikel 81 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Onuitbetaalde voordele by dood van bevoordeelde Blankes.

**81.** (1) Indien 'n persoon wat ingevolge artikel 79 of 80 op 'n enkelbedragvoordeel geregtig geword het en aan wie daardie voordeel nie ten volle uitbetaal is nie, oorlede is, kan die kommissaris na goeddunke aan sy weduwee of aan sy afhanklike kinders, as daar is, 'n voordeel toeken gelyk aan hoogstens die onuitbetaalde deel van bedoelde enkelbedragvoordeel.

(2) Indien 'n voordeel gelyk aan bedoelde onbetaalde gedeelte nie ingevolge subartikel (1) toegeken is nie, of indien 'n gedeelte van bedoelde onbetaalde gedeelte nie aldus toegeken is nie, kan die kommissaris na goeddunke en na raadpleging met die advieskomitee, 'n voordeel gelyk aan bedoelde onbetaalde gedeelte, of bedoelde gedeelte daarvan, na gelang van die geval, toeken aan 'n persoon of persone vir wie se onderhoud die oorledene voor sy dood volgens die kommissaris se mening verantwoordelik was, en waar daar nie so 'n persoon is nie, betaal die kommissaris bedoelde voordeel aan die boedel van die oorledene.".

**Wysiging van artikel 82 van Wet 78 van 1973, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 27 van 1974.**

**5.** Artikel 82 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subparagraaf (ii) van subartikel (1) (*a*) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„ (ii) ten opsigte van elke afhanklike kind 'n voordeel wat die kommissaris na raadpleging met die advieskomitee bepaal: Met dien verstande dat die aldus bepaalde voordele ten opsigte van al die bedoelde kinders gesamentlik die bedrag is waarop die oorledene geregtig sou gewees het indien hy nie gesterf het nie; of";

(*b*) deur paragraaf (*b*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*b*) in die geval van 'n bevinding van tuberkulose alleen ten opsigte waarvan hy nie 'n voordeel ontvang het nie maar op 'n voordeel geregtig sou geword het indien hy nie gesterf het nie, aan sy weduwee of ten opsigte van sy afhanklike kinders 'n enkelbedragvoordeel van vyfduisend rand."; en

(*c*) by the substitution for subsections (2) and (3) of the following subsections, respectively:

"(2) If the certification committee has found that a deceased White person to whom a one-sum benefit was awarded under section 79 (4) in lieu of a monthly pension, or to whom a one-sum benefit was awarded under section 80 (1), was at the time of his death suffering from a compensatable disease in the second degree, the commissioner shall award to his widow or to his dependent children, if any, a one-sum benefit of six thousand rand.

(3) If a benefit has not been awarded under subsection (1) or (2) the commissioner may in his discretion and after consultation with the advisory committee, award such benefit to any person or persons for whose maintenance the deceased, in the opinion of the commissioner, was responsible before his death, and where there is no such person, the commissioner shall pay such benefit to the estate of the deceased.".

Amendment of section 83 of Act 78 of 1973.

**6.** Section 83 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*b*) of subsection (1) of the following paragraph:

"(*b*) in respect of each dependent child, a benefit determined by the commissioner after consultation with the advisory committee: Provided that the benefits so determined in respect of all such children shall in the aggregate not exceed nine thousand rand.".

Substitution of section 95 of Act 78 of 1973.

**7.** The following section is hereby substituted for section 95 of the principal Act:

"Gratuity payable on remarriage of widow entitled to pension.

**95.** If a widow who is entitled to a pension under this Act, remarries, her pension shall lapse and the commissioner shall pay to her an amount equal—

(*a*) in the case of a widow who received a pension for a period of at least six years, to thirty times the amount of her monthly pension;

(*b*) in the case of a widow who received a pension for a period of less than six years but more than three years, to forty times the amount of her monthly pension; and

(*c*) in the case of a widow who received a pension for a period not exceeding three years, to fifty times the amount of her monthly pension.".

Amendment of section 98 of Act 78 of 1973.

**8.** Section 98 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs (*a*) and (*b*) of subsection (1) of the the following paragraphs, respectively:

"(*a*) in the case of a widow who remarries, on the last day of the month in which she remarries; and

(*b*) in the case of a dependent child, on the last day of the month in which that child reaches the age of eighteen years, but subject to the provisions of section 84 (2) or section 92 (2), as the case may be.".

Amendment of section 101 of Act 78 of 1973.

**9.** Section 101 of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph (*a*) of subsection (4) for the word "or" of the word "and".

(*c*) deur subartikels (2) en (3) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang—

„(2) Indien die sertifiseringskomitee bevind dat 'n oorlede Blankepersoon aan wie 'n enkelbedragvoordeel in die plek van 'n maandelikse pensioen ingevolge artikel 79 (4) toegeken is, of aan wie 'n enkelbedragvoordeel ingevolge artikel 80 (1) toegeken is, ten tyde van sy dood aan 'n vergoedbare siekte in die tweede graad gely het, ken die kommissaris aan sy weduwee of aan sy afhanklike kinders, as daar is, 'n enkelbedragvoordeel van sesduisend rand toe.

(3) Indien 'n voordeel nie ingevolge subartikel (1) of (2) toegeken is nie kan die kommissaris na goeddunke en na raadpleging met die advieskomitee daardie voordeel toeken aan 'n persoon of persone vir wie se onderhoud die oorledene voor sy dood volgens die mening van die kommissaris verantwoordelik was, en waar daar nie so 'n persoon is nie betaal die kommissaris bedoelde voordeel aan die boedel van die oorledene.".

**6.** Artikel 83 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*b*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 83 van Wet 78 van 1973.

„(*b*) ten opsigte van elke afhanklike kind, 'n voordeel wat die kommissaris na raadpleging met die advieskomitee bepaal: Met dien verstande dat die aldus bepaalde voordele ten opsigte van al die bedoelde kinders gesamentlik hoogstens negeduisend rand is.".

**7.** Artikel 95 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 95 van Wet 78 van 1973.

„Gratifikasie betaalbaar by hertroue van weduwee wat op pensioen geregtig is.

**95.** Indien 'n weduwee wat op 'n pensioen ingevolge hierdie Wet geregtig is, weer trou, verval haar pensioen en moet die kommissaris aan haar 'n bedrag uitbetaal wat—

(*a*) in die geval van 'n weduwee wat 'n pensioen vir 'n tydperk van minstens ses jaar ontvang het, dertig maal die bedrag van haar maandelikse pensioen is;

(*b*) in die geval van 'n weduwee wat 'n pensioen ontvang het vir 'n tydperk van minder as ses jaar maar meer as drie jaar, veertig maal die bedrag van haar maandelikse pensioen is; en

(*c*) in die geval van 'n weduwee wat 'n pensioen ontvang het vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar, vyftig maal die bedrag van haar maandelikse pensioen is.".

**8.** Artikel 98 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

Wysiging van artikel 98 van Wet 78 van 1973.

„(*a*) in die geval van 'n weduwee wat weer trou, op die laaste dag van die maand waarin sy weer trou; en

(*b*) in die geval van 'n afhanklike kind, op die laaste dag van die maand waarin daardie kind die ouderdom van agtien jaar bereik, maar behoudens die bepalings van artikel 84 (2) of artikel 92 (2), na gelang van die geval.".

**9.** Artikel 101 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in die Engelse teks in paragraaf (*a*) van subartikel (4) die woord „or" deur die woord „and" te vervang.

Wysiging van artikel 101 van Wet 78 van 1973.

**Act No. 45, 1975** OCCUPATIONAL DISEASES IN MINES AND WORKS AMENDMENT ACT, 1975.

**Amendment of section 106 of Act 78 of 1973.**

**10.** Section 106 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (*c*) of the following paragraph:

„(*c*) in the case of tuberculosis with which the person concerned was in the opinion of the certification committee already affected while he was performing risk work at or in connection with a controlled mine or a controlled works, or with which he was in the opinion of the certification committee affected at any time within twelve months as from the date on which he performed risk work at or in connection with a controlled mine or a controlled works for the last time, if such person has worked not less than two hundred shifts as aforesaid and if a benefit was not previously awarded in respect of tuberculosis, a one-sum benefit of six hundred rand.".

**Amendment of section 133 of Act 78 of 1973.**

**11.** Section 133 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection—

"(1) Any person—

(*a*) who from any date after 1 August 1946 continuously remained in the full-time service of the bureau or the council or the State and who has not contributed to the Public Service Pension Fund referred to in section 2 (1) of the Government Service Pensions Act, 1965 (Act No. 62 of 1965), in respect of such service; and

(*b*) who immediately before the commencement of this Act was eligible for a gratuity referred to in section 135 of the previous Act, but to whom such gratuity had not been awarded before such date,

shall be eligible, in lieu of such gratuity, for a service gratuity which shall be equal to the salary (other than any temporary or personal allowance) which he received for the two months immediately preceding the date of termination of his service, multiplied by the number of years, including any fraction of a year, of his service and such service gratuity shall be increased by one per cent for each year, including any fraction of a year, by which the period of his service exceeds ten years: Provided that if his service is terminated by retirement before he has attained the age of sixty years in terms of subsection (4) on account of permanent poor health or any permanent physical or mental defect, or he dies before he has attained the age of sixty years, a period of five years shall be added to his service."; and

(*b*) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If the service of a person who is eligible for a service gratuity referred to in subsection (1) or (2), is terminated before he has attained the age of sixty years, he shall not be awarded such service gratuity unless his service is terminated by retirement on account of permanent poor health or any permanent physical or mental defect, on the recommendation of two or more medical practitioners, and with the approval of the Minister, or he dies before he has attained the age of sixty years.".

**Short title and commencement.**

**12.** This Act shall be called the Occupational Diseases in Mines and Works Amendment Act, 1975, and shall come into operation on 1 July 1975, except section 11, which shall be deemed to have come into operation on 1 October 1974.

**10.** Artikel 106 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (*c*) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 106 van Wet 78 van 1973.

„(*c*) in die geval van tuberkulose waardeur die betrokke persoon volgens die sertifiseringskomitee se oordeel reeds aangetas was terwyl hy risikowerk by of in verband met 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig het, of waardeur hy volgens die sertifiseringskomitee se oordeel aangetas was te eniger tyd binne twaalf maande van die datum waarop hy vir die laaste keer risikowerk by of in verband met 'n beheerde myn of 'n beheerde bedryf verrig het, indien bedoelde persoon minstens tweehonderd skofte soos voormeld gewerk het en indien daar nie voorheen 'n voordeel ten opsigte van tuberkulose toegeken is nie, 'n enkelbedragvoordeel van seshonderd rand.".

**11.** Artikel 133 van die Hoofwet word hierby gewysig—

Wysiging van artikel 133 van Wet 78 van 1973.

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang—

„(1) 'n Persoon—

(*a*) wat vanaf 'n datum na 1 Augustus 1946 ononderbroke in die voltydse diens van die buro of die raad of die Staat gebly het en wat ten opsigte van bedoelde diens nie tot die Staatsdienspensioenfonds bedoel in artikel 2 (1) van die Regeringsdienspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965), bygedra het nie; en

(*b*) wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet vir 'n in artikel 135 van die vorige Wet bedoelde gratifikasie in aanmerking kon gekom het, maar aan wie so 'n gratifikasie nie voor bedoelde datum toegeken is nie,

kom, in plaas van vir so 'n gratifikasie, in aanmerking vir 'n diensgratifikasie wat gelyk is aan sy salaris (wat nie 'n tydelike of persoonlike toelae is nie) wat hy vir die twee maande wat die beëindiging van sy diens onmiddellik voorafgegaan het, ontvang het, vermenigvuldig met die getal jare, met inbegrip van 'n gedeelte van 'n jaar, wat sy diens beloop het en bedoelde diensgratifikasie word vermeerder met een persent vir elke jaar, met inbegrip van 'n gedeelte van 'n jaar, waarmee die tydperk van sy diens tien jaar oorskry: Met dien verstande dat indien sy diens voordat hy die ouderdom van sestig jaar bereik het ingevolge subartikel (4) beëindig word deur aftrede vanweë permanente swak gesondheid of 'n permanente liggaams- of geestesgebrek, of hy voordat hy die ouderdom van sestig jaar bereik het, te sterwe kom, 'n tydperk van vyf jaar tot sy diens bygevoeg word."; en

(*b*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

„(4) Indien die diens van 'n persoon wat in aanmerking kom vir 'n in subartikel (1) of (2) bedoelde diensgratifikasie, beëindig word voordat hy die ouderdom van sestig jaar bereik het, word so 'n diensgratifikasie nie aan hom toegeken nie, tensy sy diens deur aftrede vanweë permanente swak gesondheid of 'n permanente liggaams- of geestesgebrek, op aanbeveling van twee of meer geneeshere en met goedkeuring van die Minister beëindig word of hy voordat hy die ouderdom van sestig jaar bereik het, te sterwe kom.".

**12.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1975, en tree in werking op 1 Julie, 1975, behalwe artikel 11, wat geag word op 1 Oktober 1974 in werking te getree het.

Kort titel en inwerkingtreding.

Printed for the Government Printer, Pretoria, by Cape & Transvaal Printers Ltd., Cape Town—B1177/15 000.
Gedruk vir die Staatsdrukker, Pretoria, deur Kaap & Transvaal Drukkers Bpk., Kaapstad—B1177/15 000.